# OosieNUUS

ONS OOSIE WÊRELD

**03/2025** **24 Januarie 2025**

## BOODSKAP UIT DIE HOOF SE KANTOOR

**Geagte Ouers**

Ek wil graag my opregte dank uitspreek aan al die ouers wat die interhuisbyeenkoms bygewoon het, en in besonder aan diegene wat betrokke was by die verkope. Julle ondersteuning en betrokkenheid het van hierdie dag 'n reuse sukses gemaak. Baie geluk ook aan ons leerders wat uitsonderlik presteer het tydens die byeenkoms – ons is trots op elkeen van julle! Ons sien uit na 'n opwindende seisoen vorentoe, met die swemseisoen wat nou afskop.

'n Spesiale woord van dank aan die borge van die Interhuissokkie en Valentynsbal. Julle ruimhartigheid het 'n enorme verskil gemaak, en ons waardeer dit opreg. Julle bydraes dra by tot die sukses van ons skoolaktiwiteite en skep geleenthede vir ons leerders om onvergeetlike herinneringe te bou.

Baie dankie aan ons ouers wat hul weg oopgesien het om hul skoolfonds vir 2025 vooruit te betaal. Ons waardeer dit opreg.

**Uitdagings wat ons tans ondervind:**

1. **Terrein:**
   Die weerstoestande en reën het uitdagings veroorsaak, en daar was 'n tekort aan personeel tydens die voorbereiding van klaskamers en toerusting. Gedurende die vakansie is vier nuwe klaskamers geskep, maar die proses het tyd geneem. Ons vra verskoning vir enige ongerief wat dit veroorsaak het en verseker u dat ons tans dringend opgraderings doen, insluitend verbeterings aan die heining in Hertzogstraat en plaveisel by die sportgronde.

   Enige ouers wat bereid is om te help, kan 'n e-pos stuur na geboue@oos-moot.co.za.

2. **Diefstal:**
   Ons het 'n toename in diefstal op die skool- en sportterrein ervaar. Ons vra ouers om enige gevalle by die polisie aan te meld. Ons is tans besig om ekstra sekuriteitsmaatreëls in plek te stel, insluitend die installering van nuwe kameras en die aanstelling van 'n nuwe sekuriteitsfirma. Leerders sal ook aangemoedig word om hul sakke en tasse in sluitkaste of spesiaal aangewese areas te bêre tydens oefening.

Ek wil my dank uitspreek vir u geduld en ondersteuning. Met u samewerking kan ons die uitdagings aanpak en die nodige verbeteringe aanbring.

Baie dankie vir u begrip en betrokkenheid. Ons sien uit na 'n suksesvolle en opwindende jaar saam met u en ons leerders.

Oos-Moot groete

S Theron
Toesighoudende hoof

## BELANGRIKE DATUMS, KONTAKBESONDERHEDE EN GRAADVOOGDE/-HOOFDE

Die 2025 dagboekaktiwiteite is in die leerders se dagboeke beskikbaar sowel as op die skool se webwerf**.** Let wel: datums van aktiwiteite kan verander as gevolg van omstandighede.

**BELANGRIKE DATUMS**

- 27 Januarie : Gr.8 Wiskundesentrum gekanselleer a.g.v. Groentjiekonsert
- 27 Januarie : Gr.8 Groentjiekonsert optrede (vir leerders)
- 27 tot 31 Januarie : Mnr en Mej Oos-Moot en Revue oefening (gekanselleer a.g.v. Groentjiekonsert)
- 28 Januarie : Gr.8 Groentjiekonsert optrede (vir ouers)
- 29 Januarie : Gr.8 Netbalproewe



Haarhoffstraat 1120, Villieria, Pretoria, 0186
012-332 0601 oosmoot@oos-moot.co.za

Ons omgee-uitleerskool
*Waar ons met passie potensiaal ontsluit*

## BELANGRIKE DATUMS, KONTAKBESONDERHEDE EN GRAADVOOGDE/-HOOFDE

- 29 Januarie : Akademiese Prysuitdeling
- 01 Februarie : Oosie Bond fees is GEKANSELLEER
- 19 Februarie : Toetsreeks begin vir gr.10 tot 12-leerders
- 24 Februarie : Toetsreeks begin vir gr.8 en 9

***BELANGRIK***

- ***Met verwysing na die POPIA Wet (Beskerming van persoonlike inligting) wil ons leerders, ouers en personeel daaraan herinner dat PERSOONLIKE KONTAKNOMMERS NIE UITGEGEE MAG WORD, tensy die persoon aan wie die nommer behoort PERSOONLIK TOESTEMMING daartoe verleen het.***
- Maak asseblief gebruik van die skool se telefoonnommer, e-posadres of personeel se skool e-posadresse soos beskikbaar op die skool se webwerf.

| **KONTAKBESONDERHEDE**<br>E-posadresse vir die res van die personeel is op die skool se webwerf. | **GRAADVOOGDE**<br>Afwesighede en die **uitteken van leerders** word deur graadvoogde hanteer. Hul stuur ook belangrike kommunikasie via Whatsapp na ouers. |
|---|---|
| **Hoof:** Me Susan Theron<br>(diehoof@oos-moot.co.za)<br>**Adjunkhoof:** Me Hanlie van Staden<br>(vanstadenh@oos-moot.co.za)<br>**Adjunkhoof:** Mnr Fraser Parker<br>(f.parker@oos-moot.co.za)<br>**Dissipline:** Me Mariane Haasbroek<br>(c.haasbroek@oos-moot.co.za)<br>**Maatskaplike werker:** Me Janine Olivier<br>(j.olivier@oos-moot.co.za)<br>**Finansies en Oosie-klerewinkel:** Me Annalize Jacobs<br>(finansies@oos-moot.co.za<br>**Bemarking:** Me Chriselda Meyer<br>(bemark@oos-moot.co.za)<br>**Kultuur:** Me Lee Bouwer<br>kultuur@oos-moot.co.za<br>**Sport:** Mnr Braam Pretorius<br>(sport@oos-moot.co.za)<br>**Klerebank**: Me Karin Badenhorst<br>(klerebank@oos-moot.co.za) | **Graad 8** - Me Janine Botha<br>(j.botha@oos-moot.co.za) of 079 207 4415<br>**Graad 9** - Me N Pfeil<br>(n.pfeil@oos-moot.co.za) of 066 416 6252<br><br>**Graad 10**: Me T Ferreira (**Kw.1**)<br>(t.ferreira@oos-moot.co.za) of 064 884 6059<br><br>**Graad 10**: Me Z de Klerk (**Kw. 2,3,4**)<br>(z.deklerk@oos-moot.co.za) of 064 884 6059<br><br>**Graad 11:** Me M Gillies<br>(m.gillies@oos-moot.co.za) of 079 207 0022<br><br>Graad 12: Me S van der Merwe / Me M Grové<br>(m.grove@oos-moot.co.za) of 079 208 4632 |

Raadpleeg asseblief altyd eers die skool se nuusbrief en webwerf indien u na belangrike inligting op soek is.

## DISSIPLINE – GEDRAGSKODE AANPASSING

'n Aanpassing is gemaak aan die Gedragskode (Positiewe en Negatiewe vermeldings), punt V1.30 op bladsy 320 van die leerderdagboek. Sien ook die webwerf.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | V1.30 | Wegsteek van ander se eiendom, asook nalatigheid: verlê van eiendom op skoolterrein. | -40 |

## JAARBLAAIE 2024

Ouers wat 2024 jaarblaaie bestel en betaal het, maar nog nie ontvang het nie kan me M Koelman kontak (koelmanm@oos-moot.co.za) of hul kind stuur om dit by me Koelman (K23) af te haal.

## BELANGRIK: SKOOL SE NUWE BANKBESONDERHEDE

Die skool se ou bankrekening by **ABSA word op 31 Januarie gesluit**. **ALLE betalings moet NOU in die FNB rekening gemaak word.**

| | | |
|---|---|---|
| Rekeningnaam | : | Hoërskool Oos-Moot |
| Bank | : | First National Bank (FNB) |
| Rekeningnommer | : | 63124628041 |
| Takkode | : | 210835 |

Enige navrae kan gerig word aan ons finansiële kantoor (finansies@oos-moot.co.za).

## AKADEMIE

### DAT toetsing

Om ouers en leerders by te staan in die besluitnemingsproses rondom gepaste vakkeuses in graad 9, kan ouers gebruik maak van Human Progress Management. 'n Skrywe in dié verband word in die komende week aan die leerders uitgegee.

*Let wel: Die skool is geensins betrokke by die proses nie. Dit is belangrik om te benadruk dat die besluit om van hierdie diens gebruik te maak, uitsluitlik by die ouers berus. Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir die toetsing of die resultate daarvan nie.*

### Eduvelopmentprogram – Vakkeuses, Beroepsrigtings (alle grade)

Die skool het in 2024 die Eduvelopment program in gebruik geneem.

Eduvelopment is 'n wêreldklas aanlyn program wat ontwikkel is om hoërskoolleerders te help om ingeligte besluite oor hul toekoms te neem, hulle voor te berei vir verdere studie en loopbane en om 'n vervulde lewe te lei.

Hierdie innoverende maatskappy maak dit moontlik vir al ons leerders van graad 8 tot 12 om hul vakkeuses te struktureer volgens verskeie beroepsrigtings.

***Elke leerder sal hierdie kwartaal deur die skool geregistreer word en die huidige graad 9-leerders sal hierdie program reeds vir hul vakkeuses vir 2025 kan gebruik.***

**Wat Bied Eduvelopment?**

1. **Vakkeuses in Beroepsrigtings:** Eduvelopment help leerders om hul vakkeuses te maak op grond van hul belangstellings en die beroepsrigtings wat hulle wil volg. Dit verseker dat leerders die beste moontlike voorbereiding kry vir hul toekomstige loopbane.
2. **Universiteitsopsies:** Die program bied ook 'n omvattende oorsig van verskillende universiteitsopsies. Dit help leerders om ingeligte besluite te neem oor waar en wat om te studeer.
3. **Beurse en Finansiële Ondersteuning:** Eduvelopment hanteer ook aansoeke vir beurse en ander vorme van finansiële ondersteuning. Dit maak dit vir leerders makliker om toegang tot verdere onderwys te kry sonder om finansiële struikelblokke in die gesig te staar.

Besoek gerus Eduvelopment se webwerf vir volledige agtergrondinligting.
Navrae kan gerig word aan me H van Staden (vanstadenh@oos-moot.co.za).

### Toetsreeks (1ste kwartaal)

Die toetsreeks vir die onderskeie grade begin soos volg:

- 19 Februarie : Gr.10 tot 12-leerders
- 24 Februarie : Gr.8 en 9

Die toetsrooster word vandag in harde kopie aan die leerders uitgegee, is by die nuusbrief ingesluit (bladsy voor advertensies) word per e-pos aan ouers gestuur en op die skool se webwerf beskikbaar gestel.

### Wiskundesentrum

Die **Graad 8-Wiskundesentrumklasse van Maandag, 27 Januarie is gekanselleer** as gevolg van die Groentjiekonsert optrede. Navrae kan gerig word aan me C Venter (c.venter@oos-moot.co.za).

## BERADER



Ons verwelkom hierdie jaar me Anzche Pretorius as berader by die skool. Sy is 'n gekwalifiseerde berader en sedert 2021 in praktyk. Haar passie is om met leerders en hulle families te werk en sy begelei leerders om die beste weergawe van hulself te wees. Sy hanteer die volgende:

- Identifisering van leerders se emosionele uitdagings, ondersteuning.
- Beradingstegnieke vir emosionele uitdagings wat leerders ervaar.
- Berading vir angs, trauma, aggressiebestuur, berou berading, gedragsprobleme, huishoudelike probleme, depressie, boelie en algemene berading.
- Gebruik verskeie beradingstegnieke vir die emosionele uitdagings wat leerders ervaar.
- Werk individueel of in groepverband.
- Verwysing na spesialiste (soos nodig)
- Behartig en administrateer ouerleiding
- Studiemetodes
- Skoolgereedheidassessering
- Sportberading en motivering

Kontak me Pretorius by a.pretorius@oos-moot.co.za



Haarhoffstraat 1120, Villieria, Pretoria, 0186
012-332 0601 oosmoot@oos-moot.co.za

Ons omgee-uitleefskool
*Waar ons met passie potensiaal ontsluit*

## BELANGRIKE DOKUMENTASIE VIR OUERS

Die volgende dokumentasie word in die eerste week van Januarie 2025, in harde kopie, aan die leerders uitgegee en moet **voor of op 31 Januarie 2025** na die klasvoog teruggestuur word.

- Algemene voorwaardes en toelatingsbeleid
- Skoolfondsbetalingsooreenkoms
- Gedragskode

## SLUITKASTE ("LOCKERS") 2025

Sluitkasbesprekings en -betalings vir 2025 open in Januarie 2025 en die senior leerders kry die eerste geleentheid om hul sluitkaste te bespreek.

**Die volgende sluitkaste is beskikbaar:**

Gewone sluitkaste : R180 per sluitkas (vir handboeke, skrifte, ens.)
Sportsluitkaste : R220 per sluitkas (vir sporttoerusting, ens.)
IGO-sluitkaste : R220 per sluitkas (vir IGO-leerders graad 10 tot 12)

**Bespreking**

- Geen **EFT-betaling** word gedoen nie. Leerders wat met 'n **kaart wil betaal,** kan dit by me Kalp doen.
- Leerder bespreek volgens graad, op die datum hieronder genoem, die spesifieke sluitkas by die personeellid aangedui.
- Die datums vir die besprekings is soos volg en sal gedurende skoolure geskied.

**Gewone- en sportsluitkaste**

| Graad | Datum | Personeellid en klaskamernommer |
|---|---|---|
| 8 | 28 / 29 Januarie | Me W Kalp (K17) |

## GRAAD 8 GROENTJIEKONSERT OPTREDES

Optrede

Die optredes is soos volg:

- Optrede vir leerders
  Datum : 27 Januarie
  Tyd : 18:00 tot 20:00
  Plek : Skoolsaal
  Kaartjies : R30 per kaartjie. Kan tydens pouse in K97 aangekoop word. Kaartjies is beperk.

- Optrede vir ouers
  Datum : 28 Januarie
  Tyd : 18:00 tot 20:00
  Plek : Skoolsaal
  Kaartjies : R30 per kaartjie. Kan tydens pouse in K97 aangekoop word. Kaartjies is beperk.

Video-opname

'n Video-opname van die konsert sal beskikbaar wees en kan direk by die vervaardigers bestel word.
Bestelvorm is beskikbaar by me M Gillies (K97) en in die saal voor die onderskeie opvoerings.

## SKOOLBUSVERVOER

Belangstellende leerders is in die week uitgeroep en 'n formele skrywe met inligting is vandag uitgegee. Die skrywe bevat 'n skeurstrokie wat voor of op 28 Januarie by mnr F Parker (Adjunkhoof) ingehandig moet word. Enige navrae kan gerig word aan mnr F Parker (f.parker@oos-moot.co.za).

## SPORT

In die nuusbrief sal slegs veranderinge en belangrike inligting ten opsigte van 'n sportsoort uitgelig word. Bepalings, oefentye, programme en uitslae van die onderskeie sportsoorte sal op die skool se webwerf geplaas word (soos dit ontvang word).

### Atletiek

Oefensessies

| SKOOLAFRIGTERS 2025 | | |
|---|---|---|
| **ITEM & AFRIGTER** | **DAG** | **TYD** |
| Aflosse<br>*HJ van Aswegen / hulp* | Dinsdae en Donderdae | 06:00 – 07:00 |



Haarhoffstraat 1120, Villieria, Pretoria, 0186
012-332 0601 oosmoot@oos-moot.co.za

Ons omgee-uitleerskool
*Waar ons met passie potensiaal ontsluit*

| | | |
|---|---|---|
| Gewigstoot/Diskus<br>*N de Wet / S Rademeyer* | Maandae tot Donderdae | 14:00 – 15:30 |
| Hekkies<br>*S Visser / C Ludick* | Maandae tot Donderdae | 14:00 – 15:30 |
| Hoogspring<br>*HJ v Aswegen / A Doubell / Z Jv Rensburg* | Maandae tot Donderdae | 14:00 – 15:30 |
| Verspring / Driesprong<br>*A Britz / S van Blerk* | Maandae tot Donderdae | 14:00 – 15:30 |
| Naellope<br>*D Dreyer / HJ v Aswegen* | Maandae tot Donderdae | 14:00 – 15:30 |
| 800m / 1500m / 3000m<br>*N Muller / N Louw* | Maandae tot Donderdae | 14:00 – 15:30 |
| Spiesgooi<br>*L Eksteen / L van Dyk* | Maandae tot Donderdae | 14:00 – 15:30 |
| *Woensdae se oefentye is vanaf 15:00 tot 16:30 om vir die Akademiese uur voorsiening te maak.* | | |

| **BUITE-AFRIGTERS 2025** | | |
|---|---|---|
| **ITEM & AFRIGTER** | **DAG** | **TYD** |
| Gewigstoot/Diskus<br>*M Sutherland/E Sutherland* | Maandae tot Donderdae | 15:00 – 17:00 |
| Hekkies<br>*Myrtle Grobler* | Maandae tot Vrydae | 16:30 – 18:00 |
| Hoogspring<br>*E Schutte* | Maandae, Dinsdae en Donderdae | 16:00 – 17:30 |
| Naellope / verspring<br>*J van Wyk* | Maandae tot Vrydae | 16:30 – 18:00 |
| Verspring<br>*S Gerber* | Maandae, Dinsdae, Donderdae | 16:30 – 18:00 |
| Middel-/ lang afstande<br>*P Nothling* | Maandae tot Donderdae | 17:00 – 18:00 |
| Spiesgooi<br>*D Ludeke* | Maandae tot Donderdae | 14:15 – 16:00 |
| *Woensdae se oefentye is vanaf 15:00 tot 16:30 om vir die Akademiese uur voorsiening te maak.* | | |

Programme en uitslae word op die skool se webwerf geplaas sodra beskikbaar.
Die datums vir die komende byeenkomste is soos volg:

| **Datum** | **Byeenkoms** |
|---|---|
| 24 Januarie | Zwartkop (weg) |
| 31 Januarie | Abrie van Stadenbyeenkoms |
| 5 Februarie | TOP 15 Noordheuwel (weg) |
| 7 Februarie | Mootbyeenkoms |
| 12 Februarie | Goue Liga (weg – UJ) |
| 14 Februarie | Valentynsbyeenkoms |
| 20 Februarie | INTERHOËR (weg – Pilditch) |
| 26 Februarie | NWU Interhoër (weg) |

Algemene inligting (wegbyeenkomste)

- Atlete word per bus vervoer na die byeenkomste.
- Atlete is verplig om met dié busse te ry na die byeenkomste.
- Atlete moet ŉ voltooide toestemmingsbrief/vrywaringsvorm inhandig voor hul toegelaat word om van die busvervoer gebruik te maak.
- Atlete wat met die bus ry teken nie uit nie (uittekenprosedure).
- Atlete neem deel in die skool se amptelike atletiekdrag (tuis- en wegbyeenkomste). In die geval waar ŉ atleet nog nie atletiekdrag het nie mag hul deelneem in die skool se formele Oosie-drag.
- Atlete is nie verplig om by skool se afrigters te oefen nie.

Aflosse
Aflosatlete het ŉ vroegoggend oefensessie op Dinsdae en Donderdae (reeds begin).
Tyd: 06:00 tot 07:00
Navrae kan gerig word aan mnr HJ van Aswegen (atletiek1@oos-moot.co.za).

### Bergfiets

Ouervergadering
Ons nooi alle bergfietsouers van 2025 uit na ons bergfietsouervergadering:

Datum : 30 Januarie 2025
Tyd : 17:00 tot 18:00
Plek : LO-saal
Ons vra dat ouers die vergadering asseblief sal bywoon aangesien ons die komende seisoen sal bespreek.

### Krieket

Ouervergadering
Ons nooi alle krieketouers van 2025 hartlik uit na ons krieketouervergadering:

Datum: 27 Januarie 2025
Tyd: 17:30
Plek: LO-saal

Dit is van groot belang dat ouers hierdie vergadering bywoon. Tydens die vergadering sal ons die komende seisoen bespreek, insluitend toere en die ontwikkeling van ons spelers. Daar sal ook 'n geleentheid wees om enige sake wat u na aan die hart lê – positief of negatief – aan te spreek.

Ons krieketprogram het oor die afgelope twee jaar merkwaardig gegroei, en ons is opgewonde om voort te bou hierop. Ons doel is om ons span tot 'n mededingende krag in groter ligas te ontwikkel, en u ondersteuning speel 'n sleutelrol hierin.

Bepalings en uitslae
Die eerste kwartaalbepalings vir die onderskeie krieketspanne asook die uitslae is op die webwerf beskikbaar. *Let wel: Die aangepaste krieketbepalings vir die o.14A en o.15A is op 23 Januarie aangepas.*

### Netbal

Graad 8 netbalproewe
Alle leerders moet op die netbal Whatsapp groep wees. Spelers wat nie op die groep is nie moet asseblief by mej C Louw in die sportkantoor gaan aanmeld.
Nuwe datum : 29 Januarie
Tyd : Direk na skool
Plek : Netbalbane

Netbaltoetsing
Netbaltoetsing vind op die volgende datums saam met die kondisioneerder plaas. Alle spelers moet asseblief by die toetsing wees (slegs ŉ doktersbrief dien as verskoning).

| Datum | Span | Tyd |
|---|---|---|
| 22 Januarie | o.17 / 1stes / 2des | 15:10 |
| 23 Januarie | o.15 / o.16 | 15:10 |
| 30 Januarie | o.14 | 14:30 |

Voorseisoenoefensessies
Die spelers wat by nie by die eerste kwartaal seisoensportaktiwiteite bv. swem, atletiek, krieket, ensovoorts betrokke is nie, kan inskakel by die voorseisoenoefening.

Gimnasiumtye

| GYM TYE | | | |
|---|---|---|---|
| BEGINDATUM | SPAN | DAE | TYE |
| Februarie | o.14 | Donderdae | 15:50 tot 16:30 |
| Februarie | o.15 en o.16 | Maandae | 15:50 tot 16:30 |
| Februarie | o.17 + 1stes + 2des | Woensdae | 16:15 tot 17:00 |


Haarhoffstraat 1120, Villieria, Pretoria, 0186
012-332 0601 oosmoot@oos-moot.co.za

Baansessies:

| BAANSESSIES | | | |
|---|---|---|---|
| **BEGINDATUM** | **SPAN** | **DAE** | **TYE** |
| Februarie | o.14 A en B oefengroep | Maandae + Woensdae | 15:15 tot 16:30 |
| Februarie | o.14 C en D oefengroep | Maandae + Woensdae | 15:15 tot 16:30 |
| 28 Januarie | o.15 A en B oefengroep | Dinsdae + Donderdae | 15:30 tot 16:30 |
| 28 Januarie | o.15 C en D oefengroep | Dinsdae + Donderdae | 14:30 tot 15:30 |
| 28 Januarie | o.16 A en B oefengroep | Dinsdae + Donderdae | 15:30 tot 16:30 |
| 28 Januarie | o.16 C en D oefengroep | Dinsdae + Donderdae | 14:30 tot 15:30 |
| 28 Januarie | o.17 A en B oefengroep | Dinsdae + Donderdae | 15:30 tot 16:30 |
| | 1stes | Afrigters diskresie | |
| | 2des | Afrigters diskresie | |

**Rugby**

Voorseisoenoefensessies

Die spelers wat nie by nie die eerste kwartaal seisoensportaktiwiteite bv. swem, atletiek, krieket, ensovoorts betrokke is nie, kan inskakel by die voorseisoenoefening

| SPAN | DAE | TYE |
|---|---|---|
| o.14 | Maandag tot Donderdag | 16:00 – 17:15 |
| o.15 | Dinsdae en Donderdae (*Gym)* *Gym* | 14:20 |
| | Maandag, Dinsdag en Donderdag *Veldsessies* | 15:30 – 17:30 |
| o.16 | Maandag tot Donderdag | 15:00 – 17:00 |
| o.19 | Maandag, Dinsdag en Woensdag | 16:00 – 17:30 |

**Skaak**

Oefensessies

Belangstellende leerders kan nou inskakel by ons skaak. Oefensessies het reeds begin.

Dae : Dinsdae en Donderdae
Tye : 14:00 tot 16:00
Lokaal : K81

Navrae kan gerig word aan mnr A Stolp (skaak@oos-moot.co.za).

**Swem**

Oefentye (reeds begin en busvervoer word verskaf)

Dae : Maandae, Dinsdae en Woensdae
Tyd : 15:30 tot 16:30
Plek : Laerskool Pierneef

Galadatums

30 Januarie : Hazeldean
6 Februarie Woodhill

Navrae kan gerig word aan me L Matthee (swem@oos-moot.co.za)

**Tafeltennis**

Oefening

Alle belangstellende leerders is welkom. Die skool verskaf toerusting. Leerders wat hul eie *bat* het kan dit saambring.

Datum : 28 Januarie (begin amptelik)
Dae : Dinsdae en Donderdae
Tye : 14:00 tot 15:00

Navrae kan gerig word aan mej J Geldenhuys (tafeltennis@oos-moot.co.za)

**Tennis**

Oefening (reeds begin)

Alle belangstellende leerders is welkom.

Dae : Maandae
Tye : 14:15 tot 16:00
Plek : H/S CR Swart

Vervoer : Skoolbussie van en na die bane
Navrae kan gerig word aan mnr W Smit (tennis@oos-moot.co.za)

## KULTUUR

### Kontakbesonderhede

Die e-posadres vir ons Visehoof: Kultuur is kultuur@oos-moot.co.za.
Kultuur skop die jaar af met verskeie oudisies:

| Datum | Aktiwiteit |
|---|---|
| 3 Februarie | Tienertoneel |
| 4 Februarie | Rasieleiers (Gr.8 en nuwe leerders) |

### Eco-Oosies

Belangstellende leerders kan aansluit deur die QR-kode vir lidmaatskap buite K38 met hul selfone te skandeer (*slegs na skool*) of ŉ gedrukte kode (in ŉ sakkie buite K38) te neem en by die huis te skandeer.

### Kunsklub

<u>Sluit aan</u>
Die kunsklub begin op 4 Februarie 2025. Belangstellende leerders kan aansluit deur die QR-kode vir lidmaatskap buite K38 met hul selfone te skandeer (*slegs na skool*) of ŉ gedrukte kode (in ŉ sakkie buite K38) te neem en by die huis te skandeer.

By die Oosie-kunsklub kan jy skep volgens jou eie verbeelding, jouself uitdruk, en eksperimenteer. Hier kan jy jouself uiter sonder enige grense of perke en sodoende openlik skep en unieke skeppings na vore bring. Indien jy diep in jou hart glo jy is 'n kunstenaar, jou vaardighede wil ontwikkel, of net jou kunstige kant 'n kans wil gee, is die kunsklub die klub vir jou. Elke Oosie is welkom by die kunsklub, met of sonder ervaring. By die kunsklub eksperimenteer ons met verskeie mediums en tegnieke. Die doel van die kunsklub is om vir jou nuwe vaardighede aan te leer terwyl jy die geleentheid kry om te groei as kunstenaar en bekendstelling te verkry.

Saam met die blootstelling aan verskillende style en mediums, sal die lede van die kunsklub ook gelei word om deel te neem aan kunskompetisies, intern asook ekstern. Die kunsklublede sal ook die voordeel geniet om saam met die Visuele Kunste leerders opvoedkundige uitstappies by te woon.

### Mnr en Mej Oos-Moot

<u>Oefening</u>
Geen oefening vanaf 27 tot 31 Januarie as gevolg van die Groentjiekonsertoptredes.

<u>Finalistebal</u>
Datum : 8 Februarie
Tyd : 18:30 tot 21:30
Plek : Skoolsaal
Kaartjies : By finaliste beskikbaar. Kaartjies is beperk.

<u>Gala-aand</u>
Datum : 26 Maart
Tyd : 19:00
Plek : Skoolsaal
Kaartjies : Verkope open op 12 Maart by die Kultuurkantoor.
Koste : R130 (gewone kaartjies met geallokeerde sitplekke)
R160 (goue sirkel kaartjies)

### Redenaars en Public Speaking

<u>Uitdunne</u>
Belangstellende leerders kan hul name by me L Bezuidenhout (K68) gaan opgee.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Juniors en Seniors (Redenaars) | 19 Februarie | | |
| Aankondiging van deelnemers vir gala-aande | 24 Februarie | | |
| Public Speaking gala-aand | 3 Maart | 16:00 tot 20:00 | Personeelkamer |
| Redenaars gala-aand – Juniors | 5 Maart | 16:00 tot 20:00 | Personeelkamer |
| Redenaars gala-aand – Seniors | 5 Maart | 16:00 tot 20:00 | Personeelkamer |

Vir die interne gala-aande mag enige onderwerpe vir die toesprake gebruik word. Indien die leerders aan verdere kompetisies wil deelneem, moet van die ATKV temas gebruik maak.

**Revue**

Oefening

Geen oefening vanaf 27 tot 31 Januarie as gevolg van die Groentjiekonsertoptredes.

## OOSIE-AKTIWITEITSFOTOGRAWE



Die skool het 'n groot verskeidenheid sport-, kultuur- en sosiale aktiwiteite. Dit is nie vir die skool se fotograaf (onderwyseres) moontlik om al hierdie aktiwiteite alleen te dek nie.

Ons het daarom die Oosie-Aktiwiteitsfotograwe begin om ons leerders en ouers wat belangstel in fotografie en/of 'n liefde het vir fotografie ('n eie kamera besit en reeds foto's neem by hul eie kinders se aktiwiteite) te vra, om deel van die aktiwiteitsfotograwe te word.
So word ons van foto's van 'n groter verskeidenheid van ons aktiwiteite voorsien vir ons skoolmedia (koerantartikels, webtuiste, sosiale media, ens.). Mnr J Redelinghuys (onderwyser) koördineer die aktiwiteitsfotograwe en ons nooi belangstellende ouers en leerders om hom te kontak (j.redelinghuys@oos-moot.co.za).

## BUITEPRESTASIES

Ons moedig ons ouers aan om die buiteprestasies van ons leerders met ons te deel. Volg die onderstaande skakels (kliek op die prentjie) en voltooi die vorms volledig vir u kind om in aanmerking te kom vir erkenning tydens die jaarlikse Sport- en Kultuurprysuitdelings. **Let wel: Buiteprestasies word nie in ons sosiale media geplaas nie.**

***Kliek asseblief die onderstaande skakels en voltooi die Google vorms volledig.***







## GELUKWENSE

Baie geluk aan al ons atlete, spelers, deelnemers wat uitstaande prestasies lewer. Jul opoffering, harde werk en deursettingsvermoë word in jul prestasies gereflekteer. Ons Oosies is ongelooflik trots op almal, van die deelnemers tot die presteerders. (*Prestasies word geplaas soos ontvang*.)

**ATLETIEK – INTERHUIS:**

Die volgende atlete het puik presteer tydens ons jaarlikse Interhuis wat Vrydag 17 Januarie plaasgevind het.

Rekords

| **Atleet** | **Ouderdom** | **Item** | **Rekord** |
|---|---|---|---|
| Le Roux Smith | o.16 seuns | 100m | 10.65 sekondes |
| Leandro Delport | o.17 seuns | Verspring | 7.04 meter |
| Sarel Boshoff | o.19 seuns | Verspring | 7.02 meter |
| Jayden Pretorius | o.19 seuns | 100m | 10.42 sekondes |

Victrix en Victor Ludorum

| Seniors | |
|---|---|
| Victrix Ludorum | Iline Botha |
| Victor Ludorum | Leandro Delport |

| Juniors | |
|---|---|
| Victrix Ludorum | Roemay Korff |
| Victor Ludorum | Zack Putter |

Mees veelsydige atlete

Roemay Korff en Zander van Staden

Interhuisspanuitslae

| | |
|---|---|
| Amptenare | 1355.5 (wenners) |
| Heemrade | 1062.5 |
| Burgers | 1061 |

## BEMARKING

Die bemarkingskantoor nooi ons graad 8 tot 12 ouers, wat belangstel om by die onderskeie bemarkingsgroepe betrokke te raak, om die onderstaande skakels te volg om aan te sluit. Navrae kan gerig word aan me C Meyer (bemark@oos-moot.co.za).

Graad 8 Graad 9 Graad 10 Graad 11 Graad 12



Haarhoffstraat 1120, Villieria, Pretoria, 0186
012-332 0601 oosmoot@oos-moot.co.za

## ADVERTEER IN DIE NUUSBRIEF

Nuusbriewe word weekliks uitgestuur na alle ouers, leerders, personeel en vir die hele jaar op die skool se webwerf beskikbaar gestel. Belangstellendes kan me M Senekal (webblad@oos-moot.co.za) kontak.

Oosie NUUS
ONS OOSIE WÊRELD
Ons omgee skool waar ons met passie potensiaal ontsluit

### ADVERTEER IN ONS NUUSBRIEF 2024

*Die nuusbrief word weekliks versprei via die skool se d6 Connect toep en per e-pos na ons ouers (2000+), personeel en leerders gestuur. Die brief word ook op die skool se webwerf (www.oos-moot.co.za) geplaas waar dit die hele jaar beskikbaar is.*

**Kostes vir 'n A6 advertensie**

| | |
|---|---|
| 1 plasing per maand | R350 |
| 2 plasings per maand | R500 |
| 3 plasings per maand | R700 |
| 4 plasings per maand | R900 |
| Plasing vir die hele jaar | Maandelikse bedrag x 11 (% afslag) |

**A4 advertensie ook beskikbaar op versoek.*

**Formaat**

- *Advertensies met 'n voor- en agterblad word as twee advertensies beskou.*
- *Advertensies moet in 'n elektroniese formaat gestuur word (JPEG of PNG).*
- *Geen PDF of geskandeerde advertensies word geplaas nie.*
- *'n Advertensie sal slegs geplaas word na goedkeuring en betaling.*
- *Let wel: "Landscape" formaat advertensies moet gedraai word om in die "portrait" spasie te pas.*

**Stel jy belang?**

*Kontak Mariëtte Senekal by webblad@oos-moot.co.za*

## DANKIE AAN ONS BORGE VIR HUL ONDERSTEUNING

Ons sien daarna uit om nuwe borge te verwelkom en ons verhoudinge met beide ons jarelange en nuwe borge te versterk en daarop voort te bou.

GYS PITZER MOTORING
ABE MIDAS
Just Imagine PROPERTIES
TOTIUSDAL HANDELSHUIS SPORT
SMART GUY SMART BRIDE
DIE OOSIE Bond VRIENDE VAN DIE MOOT



Haarhoffstraat 1120, Villieria, Pretoria, 0186
012-332 0601 oosmoot@oos-moot.co.za

# Toetsrooster 2025

## KWARTAAL 1

| Datum | Dag | Graad 8 | Graad 9 | Graad 10 | Graad 11 | Graad 12 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 12 Februarie | Woensdag | | | | LW Prak – Deel 2 (6:30) | LW Prak - Deel 2 (6:30) |
| 19 Februarie | Woensdag | | | Wisk/WG A | Wisk / WG A | Wisk/WG A |
| 20 Februarie | Donderdag | INTERHOËR | | | | |
| 24 Februarie | Maandag | Afrikaans A | Afrikaans A | Engels A | Engels | Engels |
| 26 Februarie | Woensdag | SUPERINTERHOËR | | | | |
| 28 Februarie | Vrydag | Engels A | Engels A | Besigheids | Afrikaans | RTT |
| 03 Maart | Maandag | NW A | NW A | LW / Ekonomie (7:00) | Toerisme | Wisk / WG B |
| 05 Maart | Woensdag | Wiskunde A | Wiskunde A | Afrikaans | RTT | Rek (7:00) /Kuns |
| 07 Maart | Vrydag | SW(Gesk) | Tegnologie | Toerisme | FW (6:30) | Besigheids |
| 10 Maart | Maandag | Tegnologie | SW(Geo) | FW(6:30) | Wisk/WG B | FW (6:30) |
| 12 Maart | Woensdag | EBW (Rek) | NW B | Verb / GV | Besigheids (7:00) | IGO |
| 14 Maart | Vrydag | SW(Geo) | Wiskunde B | IT/Geo | LW | Afrikaans |
| 17 Maart | Maandag | Wiskunde B | SW(Gesk) | Wisk/WG B | Rek (7:00) | LW |
| 19 Maart | Woensdag | NW B | EBW (Rek) | RTT | IGO | Verb / GV |
| 20 Maart | Donderdag | Afrikaans B | Afrikaans B | Rek (7:00) / Kuns | Verb / GV | IT / Geo |
| 24 Maart | Maandag | Engels B | Engels B | IGO | IT/ Eko (7:00) / Geo/ Kuns | Eko(7:00)/ Toerisme |
| 25 Maart | Dinsdag | Mnr & Mej Oos-Moot (Kleedrepetisie) | | | | |
| 26 Maart | Woensdag | MNR & MEJ OOS-MOOT | | | | |
| 28 Maart | Vrydag | Wiskunde C | Wiskunde C | Wisk/WG C | Wisk / WG C | Wisk/WG C |



Haarhoffstraat 1120, Villieria, Pretoria, 0186
012-332 0601 oosmoot@oos-moot.co.za

Ons omgee-uitleefskool
*Waar ons met passie potensiaal ontsluit*


Waverley
Wiskunde & Wetenskap
Sentrum
Vakke wat by die Wiskundesentrum aangebied word.
Wiskunde graad 1 tot 12, asook Wiskundige Geletterdheid en Tegniese Wiskunde.
Rekeningkunde graad 8 tot 12.
Afrikaans graad 1 tot 12. Engels graad 1 tot 12.
Wetenskap graad 10 tot 12 sowel as Tegniese Wetenskap
Career Direct: Aanlegtoetse, vakkeuse, beroepskeuse en beroepsleiding
Aanvullende onderrig + Beroeps
- & Vakkeuse toetsing
Marina Stander - 083 259 8913


HOËRSKOOL OOS-MOOT
WERK EN OORWIN
Oosies
OPEDAG
14 Mei 2025
JOU OMGEE UITLEEF SKOOL